Sing vooraf: Psalm 47:1, 4
Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Lofpsalm 15-7:1, 5, 6.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 119:46

Skriflesing: Handelinge 1 en Openbaring 22.
Teks: Handelinge 1:11 en Openbaring 22:12

> **Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. (Handelinge 1:11 AFR1953)**
>
> **En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. (Openbaring 22:12 AFR1953)**

Die hemelvaart het in ‘n sekere sin ‘n klemverskuiwing by die gelowiges bewerk.

- Die dissipels en al die mense van die Ou Testament was vasgevang in alles wat op die aarde van belang is.
- Daarom was die wette van die Fariseërs ook “raak-nie-en-smaak-nie-en-roer-nie-aan-nie” wette.
- Daarom staan die dissipels verbysterd in die lug en rondstaar. Wat maak ons nou? Die Here is nou weg!

Toe wys die engele ‘n nuwe lewensrigting aan: Jesus kom weer!

- Leef met jou verwagting op die wederkoms.
- Bou jou hele lewe na die hiernamaals toe.
- Die hemelvaart loop oor in die wederkoms!

Die laaste Bybelhoofstuk hou hom dan hiermee besig! Maar die laaste hoofstuk in die Bybel is heeltemal anders as die hele res van die Bybel.

Die Ou en die Nuwe Testamente preek genade:

- Hoeveel keer staan daar in die Ou Testament geskryf: Bekeer julle, sê die HERE!
- Die Nuwe Testament begin sy prediking met die preke van Johannes die Doper: Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom.
- Daar is tyd vir bekering en al wat leef word opgeroep tot bekering.

Die laaste hoofstuk is heeltemal anders. Daar is nie een woord van “bekeer julle!” nie.

- Daar staan net: Ja, Ek kom gou!
- Die tyd vir bekering is verby!

Al die openbaringe aan Johannes is verby.

- Nou verseker die laaste gedeelte van die Bybel die gelowiges dat die Bybel waaragtig en betroubaar is.
- God het self hierdie Boek laat neerskryf.

Daarvandaan verder is daar 'n refrein deur die laaste paar verse: Kyk, Ek kom gou! Die tyd is naby!

In vers 10 lees ons dat Johannes die woorde van hierdie boek wil verseël, soos wat die profeet Daniël in die Ou Testament moes doen. Maar hy word verbied.

- Niks mag verseël word nie, want die tyd wat oor is, is baie min.
- Dit beteken net dat niks wat in hierdie boek geskryf is, verborge mag bly nie.
- Alles wat hier neergeskryf is, moet aan die mense bekend word, want die vervulling van al hierdie dinge waarvan hier geskryf staan, is baie naby.

Die vervulling van die werk van Christus het natuurlik dadelik begin, maar alles is nie meteens afgehandel nie.

- Selfs ons tyd word deur die Here gebruik om alles tot volmaakte vervulling toe te bring.
- Wanneer alles vervul is, is die dag van die Here daar.

Vers 11 vertel dat daar dinge is wat eers tot volle ontwikkeling moet kom.

> **Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. (Openbaring 22:11 AFR1953)**

In hierdie tyd waarin ons leef – tussen die hemelvaart en die wederkoms – beweeg die twee pole dus uitmekaar.

- Die slegte mense moet tot volkome slegtheid verval.
- Maar daarteenoor moet die heiliges groei tot volmaakte heiligheid.
- Elkeen moet weet wat wag vorentoe en hy moet dit wat hy op die aarde doen – reg of verkeerd – volkome doen.

Vir die Ou Testamentiese profete was die dag van die Here altyd iets vaags wat baie ver weg was.

- Maar hier in die laaste hoofstuk word die dag van die Here in baie skerp lyne en duidelik geteken.
- Die donkerte van die wêreldgeskiedenis word verlig. God se heerlikheid breek deur en dit belig alles, sodat ons elke gebeurtenis en saak in sy ware perspektief sien.

Ons kan nie die dag bepaal nie, met ander woorde, ons kan nie 'n datum gee waarop die wederkoms plaasvind nie.

- Jesus sê self in Markus 13 : 32:
  Maar van daardie dag en die uur weet niemand nie; ook nie die engele in die hemel nie, of die Seun nie, maar net die Vader!

- Dis voldoende aanduiding vir ons om gereed te wees.
  - Dit gaan by die wederkoms nie oor watter dag dit sal wees op die kalender nie, maar wel daaroor dat jy daardie dag reg moet wees!
  - Daarom preek ons nog elke dag: Bekeer julle!

Die preek het egter twee kante:

- Die ware gelowige sal deur sulke preke aangespoor word tot ‘n volmaakter lewe.
- Maar terselfdertyd sal die ongelowiges deur hierdie woorde verhard word. Dan sal hulle in hulle moedswilligheid hulle so versit teen die Here dat hulle slegter word as wat hulle was.

Dan is dit ook tyd dat die Here se geduld gedaan is. Hy kom dan en oordeel elkeen volgens sy werke.

Met die eerste koms van Jesus leer ons dat Hy die krankhede van die wêreld op Hom kom laai.

- Hy kom vir die ellendiges: die siekes, en die sondiges. Hy kom vir hulle genesing.
- Maar met die hemelvaart verander dit na die teenoorgestelde daarvan.

Daarom praat die engele met die apostels wat so verbaas daar staan:

- Moenie hier staan nie,
- gaan werk,
- want hierdie Jesus kom net so soos julle Hom sien weggaan het.

Nou kom Hy om te oordeel.

- Om mense te beloon volgens hulle werke.
- Hy kom vergeld.
- Alle verdraagsaamheid is daarmee heen.
    - Die wat in hulle kwaad versleg het, gaan die loon van die sonde ontvang.
    - Die wat goed gedoen het, gaan beloon word met goddelike heiligheid.

Nou moet ons onsself regruk. Wat gaan met die herdenking van hemelvaart deur ons gedagtes? Ons wat soms so verdraagsaam is teenoor allerhande verkeerde dinge? Sommiges van ons probeer selfs verkeerde dinge goedpraat!

Dit blyk dat die tyd waarin ons leef ‘n tyd van absolute beslissings is.

- Jy moet heeltemal kies vir die kwaad of heeltemal kies teen die kwaad.
- Ons moet ‘n lewe leef waarin ons uitsny op alles wat verkeerd is – al kos dit ons wat ook al!

Die Here Jesus kom gou. Hierdie laaste hoofstuk beskryf wat gaan gebeur, sodat ons wat die goeie probeer doen, hieruit moed kan skep om te volhard.

- Dan is al die ellendes wat voorval, nie vir ons vreemd wees nie, en het dit nie soveel krag dat dit ons geloof kan buig of breek nie.
- Maar die verkeerdes weet hieruit dat al hulle valse geloof dat hulle die geskiedenis regeer, en dat hulleself hulle saligheid uitwerk, tot niet sal gaan saam met hulle.

Hierdie gedeelte praat van betaling.

- Die een betaling is genade.
- Die ander een is straf.
- Daar is geen tussenverhouding nie: net dood of net lewe.

Daar is op daardie stadium ook geen kans vir bekering meer nie.

- Trouens hierdie laaste hoofstuk teken die tyd so kritiek dat daar nou al amper nie meer tyd vir bekering oor is nie!
- Die tyd is naby dat die Here gaan kom!

Met drie stellings dui die Here aan hoe magtig Hy is en hoe seker die einde in sy hande is:

- Hy is “die Alfa en die Omega”.

- Dit is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet.
- Van alles wat geskryf staan, is God die Eerste en die Laaste.

- Daarna sê Hy: Ek is die begin en die einde!
  - Natuurlik is God die begin en die einde - Hy was daar voor die skepping.
  - Toe skape Hy die hemel en die aarde – en tyd.
  - Nou gaan Hy die oordeel aanbring wat hierdie aarde en sy tyd tot niet gaan maak.

- Weer sê Hy: Ek is die Eerste en die Laaste!
  - God was eerste van alles daar.
  - Voordat die aarde of selfs die engele geskape was.
  - Maar Hy is ook die Laaste, omdat Hy bestaan tot in ewigheid.
  - Daar is niks wat sy bestaan tot niet kan maak nie.

Die begin en die einde word hier bymekaar gebring. In vers 16 sê Jesus dat Hy die blink Môrester is.

- Hy is die verandering van donker na lig.
- Die Here Jesus verlos die uitverkorenes uit 'n nag van sondes en ellendes.
- Hy neem ons na sy heerlikheid toe waar ons in die heerlikheid van God gaan lewe.

Hier word die beeld die werklikheid: in die hiernamaals skyn die lig van God se heerlikheid soos daglig oor ons. Ons leef dus nou in die dagbreektyd van die hiernamaals.

Net voordat Jesus wegvaar, vra die dissipels vir Hom of Hy in die tyd sy koninkryk gaan oprig.

- Sy antwoord was dat dit hulle nie toekom om die datum daarvan te ken nie, maar dat hulle onder leiding van die Heilige Gees moet werk tot dan.
- Tyd is skaars.
- Laat ons nie ledig gevind word nie.

Amen.

Slotgebed.

Skrifberyming 7-2:1, 2.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 Mei 2007 Hemelvaart